

**Die Here stel nooit teleur nie**

Mense bevraagteken maklik die sinvolheid van die lewe midde in 'n samelewing van kapings, plaasmoorde en onsekerheid oor wat die toekoms inhou. Mense wil selfs weet of die Here niks aan al die sake kan doen nie. Mense sukkel nou eenmaal om te verstaan waarom al die ellende bestaan indien die Here dan besig is om sy kinders te vorm met die oog op hulle Vaderhuis. Psalm 54:6 is 'n oorwinningskreet. Die lied sing van twee sake, naamlik dat die Here ons Helper is en dat Hy ons Ondersteuner is. Die digter is nie werklikheidsvreemd nie. Hy het onreg en seerkry geken. Tog plaas hy die vinger op die rede vir sy vertrou. Die digter doen moeite om aan te toon dat die Here niemand teleurstel nie. Al die onreg en geweld in die wêreld is nie 'n bewys van sy afwesigheid nie. Daar bestaan iets soos die *nogtans* van die geloof. Die *nogtans* impliseer dat die Here met raad en daad kan en wil help, selfs onder moeilike omstandighede.

Die skrywer aan die Hebreërs beskryf die *nogtans* in Hebreërs 11:27 as die raaksien van die onsienlike deur die geloof. Die bedoeling is duidelik: Moenie teen uiterlike omstandighede en mense vaskyk nie, maar sien die Here raak. Moenie toelaat dat die geritsel van gebeure en mense jou jou perspektief laat verloor nie. Elke belofte wat die Here maak, hou Hy. Hy het sy woord gehou toe Hy sy Seun mens laat word het. Hy het ook sy woord gehou deur sy Gees as ons Ondersteuner aan ons te gee. *Ondersteun* beteken om die hande onder iemand te hou sodat die persoon in staat gestel kan word om vastigheid te bereik. Die Here stel nooit teleur nie.

*Sing: Psalm 146:3 (1936-beryming)*

*Dr Ferdie Kruger (Alberton-Wes)*